The Warrior



Profetiese kuns deur Pieter (Pen op papier) " The warrior symbolizes us as Christians being equipped for the spiritual battle and fighting the good fight of faith. The cross symbolizes the resurrection of Christ and that he is our only hope. The flag and country symbolizes that we must be proud of our country and start speaking positively about our leaders and future. The compass shows that we move forward with intent and we move in the correct direction. The light shining from Uitenhage symbolizes that we are the light for this country and that revival will spring forth from Uitenhage."

Baie dankie vir jou gebed en ondersteuning die afgelope jaar. Dit is vir ons 'n groot voorreg om aan die ontvangkant daarvan te wees. Ons wens julle almal 'n baie geseëende en 'n voorspoedige 2017 toe!!! Mag Sy koninkryk kom in ons lewens in 2017.

Ons Besonderhede

GAP Ministries, Brocket Straat 9, De Mist, Uitenhage
Tel: 041-9228308 (huis) Pierre Sel: 0833703592 Sugnét Sel: 0834014517
Go and Proclaim Trust: ABSA Bank Uitenhage: 4056657942
E-pos: outreach@global.co.za
www.goandproclaim.co.za www.facebook.com/goandproclaim

GAP MINISTRIES

GAP NUUS NOV 2016

Persoonlike Nuusbrief van
Pierre, Sugnét, Pieter en Eldi van Wyk
'..verkondig elke dag Sy reddingsdade" -Ps 96:2

Vriende

Ons groet julle in die wonderlike naam van Jesus Christus ons verlosser en vriend wat ons hierdie jaar weer geseën het met Sy teenwoordigheid, goedheid en guns. Dit was voorwaar 'n rowwe jaar. Hier volg so bietjie nuus van ons so al om die beurt.

Heartbrake and Anxiety

Eldi skryf: "Dear family and friends, it is a privilege to write another update to you after a busy time. It has been a time of experiencing joy, heartbreak and frustration and a time of seeing God do amazing things and work in small miraculous ways. I study at the University of Cape Town and we had a few months of protesting that was happening in August, September and October and it created quite an uneasy, unsafe and shaky atmosphere at the university. We could not continue with class for almost two months and those two months to me and my friends and I am sure everyone at the university, was a time of asking God many questions, waiting in anxiety and anticipation and really asking yourself what role you can play and how you can help. I found it challenging to know where to be present, when to pray, when to be there for support for others and when to rest, even though we should always remain in God's rest.

I experienced a lot of heartbreak and anxiety coming from the students, especially those who were involved with the protesting and I know our God is a God of rest and peace, so I stood firm that His Kingdom would come and His peace and rest would reign, even if it took a while. God worked in amazing small ways. Like a small seed that grows even if you do not see much happening, so God was working too. We kept praying for peace, wisdom and solutions for the students, the leaders on campus and the leaders who had to make the big decisions. In the end of October and the beginning on November, due to the Lord really bringing His peace and fulfilling His plan, there was quiet and peace on campus and the students could write exams. I saw a lot of heartbreak and stress arise in student's hearts, whether they were a part of the protest action or not.

One big desire arose within me: for them to know Jesus as Lord and Savior, to know God who is our comforter and the one who is our Father and loves us while giving us peace from His heart. I trust God was working in the physical and spiritual to fulfill His plan and to bring His Kingdom even though to the eye it did not always seem so. We stand strong in prayer for all the universities over the country

and we trust God's plan will come into fulfillment. "Be still, and know that I am God." (Psalm 46:10). "The LORD Almighty has sworn, "Surely, as I have planned, so it will be, and as I have purposed, so it will happen." (Isaiah 14:24). "The prayer of a righteous person is powerful and effective." (James 5:16). Through the period of unrest and uncertainty, we were ushered by the Holy Spirit to gather in the residence, at church and on campus to pray throughout the time because God always wants us to co-work with Him in prayer and to be a part of His greater plan. "For where two or three gather in my name, there I am with them." Matthew 18:20.

Furthermore, I was truly blessed through this whole year and it was God's grace and His plan for my life to place me in Cape Town, a beautiful city. I am truly grateful and privileged to have the opportunities that I did, to be in the Shofar church in Cape Town where I truly grew and met 'family' and to meet the friends that I did. I am grateful for the love I received from people and how God came to teach me a bit more about receiving from people when they want to love and bless you. God is absolutely amazing and works in amazing ways when we give Him the room to lead us in the right direction and to let go of the reins and to say, "Take over Lord!" I really grew in the Lord as He took me on the road He planned for me. I testify: God's grace and help throughout this year and during exams was just extraordinary. All the glory be to God! I am sure of one thing, God promises to never leave nor forsake His children, and in that promise, we can rest in the shadow of His wing.

I want to thank every person that has been praying for me and my family, spent time on his or her knees for us, blessed us in any way and asked the Lord to bless us. May the Lord come, bless you in abundance, and reward your faithfulness towards Him. Many blessings to you all and may the Lord truly bring you a time of rest. "The Lord gives strength to His people; the Lord blesses His people with peace." (Psalm 29:11). "I have come that they may have life; and have it to the full." (John 10:10).

Pikkewyne en 'n leeu

Hulle, "Cape Town Prayer Watch" nooi vir my en Sugnét nou al lank uit om die skool wat elke jaar tydens die Oktober vakansie gehou word, by te woon. Dit word aangebied by Rocklands in Simonstad. Rocklands is seker die mooiste kampterrein in die land met sy mooi uitsig oor die hele Valsbaai. Veral in die oggend as die son sy kop uitsteek daar oor Kogelberg dan daal daar 'n vrede oor jou neer. Een middag het ons vining 'n draai gemaak by die pikkewyne. Dit was die begin van die broei seisoen, of was dit nou die einde? Van die pikkewyn ouers het nog gebroei en ander het klaar gebroei. Dit was laatmiddag en baie van die ouers het toe net by die huis gekom na 'n harde dag se werk om te gaan vis soek vir hulle honger kinders. Dit was ook die begin van die "molting" seisoen wanneer die volwasse pikkewyne verveer. Ek het nie geweet nie, of ek het vergeet dat ek dit geleer het, maar hier van begin Oktober af raak hulle ontslae van hulle winterpaar jaar hoef te stem nie! Maar terwyl ons nog hier is laat ons bid, en saamwerk.

Sonder "glamour en glitz"

Hierdie kwartaal was omtrent op 'n gallop, met baie baklei op ons knieë vir deurbrake vir ons land, ons kinders en almal by wie ons betrokke is. Ek het dit ervaar as 'n tyd waarin almal hulle werklike situasies met mekaar kon deel. Ook uit die stories wat Laban Jumba met ons gedeel het oor hulle gebeds-geveg vir Uganda het dit my getref hoe sonder "glamour en glitz" God sy kinders gebruik. Hy het vertel hoe die Here hulle gelei het om vir 'n spesifieke gebied te begin bid... dit fisies te "prayer patrol" en sover hulle loop in daardie gebied God se Koningskap te proklameer en te bid vir oplossings en Goddelike guns en leierskap. Wat my veral geïnspireer het was die voorbeeld van Josef, Daniel en Esther wat weens omstandighede as "slawe" in vreemde lande beland het wat regeer was deur goddelose regerings. Omdat God hulle harte en karakter kon vertrou het Hy aan hulle die guns en outoriteit gegee sodat die toekoms van volke en nasies daardeur verander kon word. Dit het my raamwerk verander. Ek het altyd gedink God werk net in 'n gunstige atmosfeer, nou weet ek God stuur sy kinders in ongunstige situasies in om Sy Koninskap daar te vestig. Hy kyk na ons as Sy geliefdes, sy eie en Hy versorg ons as Sy geliefdes. Hierdie jaar was moeilik vir baie mense rondom my. Die dood van geliefdes, egskeidings, die impak daarvan op die kinders, kleingoed wat deur oumas grootgemaak word, die stryd om finansies, om almal te voer wat verbykom en te bid vir genesing vir so baie wat terminaal siek is. Dit is nie vir my lekker nie. Dit is nie maklik om altyd te moet veg nie. Dit sal soveel makliker wees as alles reg is, almal gesond is, ons net kan lag en roomys eet en dans. En so het ek gesien hoe ons leer om saam te dans, mekaar se harte te hoor en saam te veg. Die lewe kry betekenis as ons eerlik en oop alles op die tafel sit en sonder enige pretensie die probleem namens mekaar aanvat tot die stryd gewen is. Dit is so lekker om God se onvoorwaardelike liefde te kan vat. En om daardie selfde liefde te kan gee. En as ek dit nie regkry nie, dit dan te kan sê. En dan vat ons mekaar se hande en probeer dan weer.

Ek het so paar jaar gelede my Koedoehoring Shofar vir 'n Amerikaner gegee wat by ons gekuier het. Die nuwe jaar is 'n jaar waar ons die oorwinning wil aankondig en ek wou weer my Shofar blaas. Ek begin soek vir een... skaars en duur. Met ons besoek aan Bloemfontein kry ek een goedkoop, die mooiste een wat ek nog ooit gesien het en ek blaas hom, en dit klink sleg en ek oefen en dit klink beter. Hierdie jaar wat kom gaan ek en jy wen, want Hy is die KONING van die KONINGS en Hy regeer en Hy gee aan ons Sy outoriteit om te regeer in ons eie woongebiede, werkplekke en families en op ons knieë en deur lief te hê. Jubel en juig met die Christusfees. Hy is gebore, Hy is gekruisig, Hy het gesterf, Hy het die oorwinning behaal en Hy leef en REGEER! My kersgeskenk aan jou is die belofte dat NIKS jou kan skei van Sy liefde vir jou nie, jy is Sy beminde en oor jou wapper Sy banier van liefde. As jy so snaakse geluid hoor...ek oefen net met die Shofar...VICTORY!!
Sugnét

aanvang van die konferensie dat Bloemfontein juis 'n stad is wat "geboorte gee" aan inisiatiewe. Daar was nie veel van 'n gesprek nodig om vir al die organisasies wat verteenwoordig was 'n resolusie van samewerking te laat neem nie. Daar was van die begin af eenstemmigheid en 'n bereidheid om hande te vat en saam te werk. Van daar af is baie van die konfe-rensie gangers Johannesburg toe vir Angus Buchan se "solemn assembly". Ons egter het die stowwerige paadjie terug Oos Kaap toe gevat op ons eie "prayer patrol". En die reen het gekom in groot dele van die land sedertdien. Die karoo gaan sy beurt kry, hy gaan wragtig sy beurt kry!

Gebed en die nuwe besem

Ons netwerk van kerk—en bedieningsleiers in die Metropool het die jaar afgesluit met 'n ontbyt in die gemeenskapsaal in Malabar, 'n woonbuurt wat oorwegend uit Moslem inwoners bestaan. Die wat Pretoria ken, dit vergelyk goed met Laudium. Daar is 'n moskee op elke hoek. Dit was gepas gewees dat ons dit juis daar gehou het. Die gasspreker was ons nuut verkose Burgemeester. Hy het ook sy nuwe raad saamgebring asook baie van die wyksraadslede van regoor die Metropool. So van reguitpraat het ek lanklaas gehoor. Alles wat hy gesê het is nie hier van belang nie maar wat wel van belang is, is dat hy openlik sy afhanklikheid van Christus bely het en dat hy nie skroom om te bely dat hy 'n Christen is nie, maar ook dat hy respek het vir sy kollegas wat nie Christene is nie of lid is van ander godsdienste. Hy het die Leiers uitgenooi om betrokke te raak by die nood in hulle gemeenskappe en saam met die betrokke raadslede in elke wyk te werk om transformasie te bewerkstellig. Hy het die belangrikheid van gebed benadruk.

Hy het 'n kort oorsig gegee oor die dinamika van korrupsie voor die nuwe regering oorgevat het onder andere dat korrupsie nie geskied wanneer 'n tender toegeken word nie, maar alreeds al die oomblik as die tender dokument opgestel word. Tender dokumente is opgestel met 'n spesifieke persoon of instansie in gedagte aan wie die tender toegeken gaan word. Hy het die beeld gebruik van 'n koei wat vol melk is en aan wie almal kom suig. Die koei was al so gewoond daaraan dat sy haar been opgelig het die oomblik as iemand naby aan haar gekom het. Hy het die storie in Xhosa vertel en ek kon sien dat hy 'n senuweepunt geraak het. Die tafel is gedek vir positiewe veranderinge in die Metro, maar dit sal nie gebeur sonder gebed nie. Samewerking tussen die Kerkleiers het die afgelope jaar nog verder gegroei en raak dit steeds makliker om inisiatiewe saam aan te bied, hetsy dit evangelisasie, gebed of maatskaplike aksies is. Daar is 'n hele paar inisiatiewe in die pyplyn vir 2017. Toe ek uitstap kom die karwag na my toe met net so breë glimlag op sy gesig. Hy het die Burgemeester gesien sê hy alhoewel hy nie met hom kon gesels nie. So is daar baie verwagting in die nuwe Burgemeester. Ons weet egter dat hulle ook net mense is wat foute maak en dat ons ons eerder ons hoop op die Meester moet plaas wat aan die regterkant van God sit waar hy reeds vir ons 'n woonplek voorberei het in 'n stad wat nie met mense hande gebou is en waar die waterpype heeltyd bars soos hier by ons nie. Daar sal ons ook nie elke

vere en groei dan nuwe vere uit. Dit neem so tussen 2 tot 3 weke vir die ververing om plaas te vind. Hulle lyk soos kussings wat oopbars as hulle begin "molt". In die tyd vas hulle omdat hulle of gaan versuip, of verkluim as hulle gaan swem omdat hulle dan nog nie vere het wat hulle moet beskerm teen Valsbaai se yskas water nie. So om die tyd te kan oorleef sorg hulle dat hulle 'n paar maande voor die tyd genoeg eet om genoeg vet reserwes op te bou. Dit klink baie soos ons kersseisoen. Dit is ook in die tyd dat baie van die pikkewyn ouers hulle kinders los. As jy so lank vas vergeet hulle seker van hulle kinders. Gelukkig is daar dan organisasies soos SANCOB wat al die hawelose pikkewyn-kuikens red en verder grootmaak. Sanparke het die bewaring van Simonstad se pikkewyn kolonie oorgeneem en sorg dat die pikkewyne nie meer in Simonstad se strate ronddwaal nie. Iets wat blykbaar in die verlede gereeld gebeur het.

Ons was elke oggend vroeg uit die vere om af te stap see toe en te gaan kyk hoe vlieg duisende Kaapse Kormorante of Trekduikers soos hulle ook genoem word, daar van Boulders se kant af in v-formasies om Kaappunt toe. Laat skemer kom almal weer terug in sulke lang rye of bondels of alleen, die formasies vergete na 'n lang vlug. Die gebedskool was soos een lang gebedsbyeenkoms, met drie etes tussenin elke dag. Ons het nie gevas nie. Bennie Mostert het die week ingewy met 'n oorsig oor Dawid se dapper manne in 2 Sameul 23. Die hoofstuk verwys na Dawid se dapperste drie manne en sy dapperste dertig manne. Maar dan is daar ook 'n enkele teks wat vertel van Benaja wat op ' n sneeudag in 'n droë put afgeklim het en 'n leeu doodgemaak het. Bennie het die verhaal gebruik om ons aan te moedig, en uitgedaag om die leeus wat ons gereeld konfronteer in die put in te jaag soos die Engelse vertalings dit verduidelik. Ons situasies is anders as die van Benaja. Ons het ander uitdagings waarmee ons elke dag te doen het. Benaja het iets in hom gehad wat in Dawid was. En Dawid het God se Gees in hom gehad (1 Sameul 16:13). Dit is dieselfde Gees wat in ons werk en ons help om ons eie unieke uitdagings te oorkom deur dieselfde onverskrokke gesindheid wat in Benaja was, te openbaar. Die leeu in die put op 'n sneedag het die res van die week, veral by Sugnét vasgesteek. Bennie het verwys na die groei van Islam in Europa en die oorlog in Sirië as 'n paar van die leeus. Nie ver van Simonstad af nie was daar 'n ander leeu aan die brul. Ons sou ook die week met hom te doen gekry het.

Die res van die week het ons gehoor van die aanslag wat daar op ons as gelowiges se gees (siel) is en hoe maklik ons aandag weggelei word van 'n fokus op die Here. Dit was goed om net weer alles wat ons tyd opslurp voor die Here se voete te gaan neersit en daaroor te besin of dit die toets van die tyd sal deurstaan. Ons het verder insae gekry in die unieke dinamika van die proses oor hoe om in die Here se teenwoordigheid in te gaan. Hierdie dinamika verteenwoordig al die elemente waarmee ons almal goed bekend is. Tyd alleen met Hom, hoe om jouself te posisioneer, die rol van aanbidding, hoe om die Woord te gebruik, die protokol van hoe om te wag, hoe om jou te onderwerp aan God se gesag en nog 'n klomp ander unieke elemente. Meeste van die aanbiddingsessies het die patroon van "harp en bowl" gevolg en was dit vir my persoonlik 'n nuwe erva-

ring, alhoewel ek al gehoor het daarvan. Dit is geskoei op die model van "Kansas City House of Prayer" wat dit reggekry het om nou al vir jare ononderbroke 24/7 lof en aanbiddingsessies te hou. Die groot uitdaging vir ons, en ek glo vir almal is om die tyd te kry om in die Here se teenwoordigheid te kan kom, sodat ons Sy teenwoordigheid kan ervaar. Dit neem tyd, heelwat tyd.

Terug by die leeu. Dit was in daardie week wat die student opstand by UCT begin het om momentum te kry. Soos elders was pogings om die kampus weer aan die gang te kry ywerig deur student in die wiele gery. Dit was nie so geweldadig soos by ander kampusse nie, maar dit was geweldig ontwrigtend, frustrerend en onstellend vir baie studente en studente se ouers. Ook vir ons en Eldi. Ons het een middag saam met Eldi gaan eet by een van die eetplekke waar koshuis studente hulle voedsel koepons spandeer. Ons het tyd gehad om so met 'n halwe oor te luister na die gesprekke rondom die tafels. Daar was die studente wat die indruk geskep het dat die "vakansie" hulle baie goed pas, ander was gefrustreerd en ander verslae en verlore. Geprekke het net oor een onderwerp gegaan en was die tradisionele onderwerpe wat die tyd van die jaar gewoonlik druk bespreek is, vergete. Dit was 'n intense tyd by UCT, en ook by ander kampusse in die land. Terug by Simonstad het ons die aanbiddingsessies gebruik om die leeu in die put in te jaag. Veral die voorlaaste aand was dit duidelik dat hierdie 'n geveg tot die dood toe gaan word. Anders as in die natuur sterf dié leeu nie dadelik nie. Dit het dalk nie daar begin nie maar hierdie was 'n ander leeu wat al hoe meer sy energie vanuit die donker kant in die geesteswerêld gekry het. Die media het dit goed uitgebeeld, en uitgebuit. By Stellenbosch het die akademiese jaar meer normaal verloop, maar was daar ook 'n gespannenheid wat saam met al die nuwe groenigheid sy kop uitgesteek het. Dit was nie lekker om terug te kom met al die onsekerheid wat soos 'n wolkkombers oor Tafelberg gehang het nie. Maar ons is bemoedig deur die stryd wat in gebed gestry is daar in Simonstad vir al ons studente in die land.

Ook hier in die Baai was daar pogings om die leeu in die put in te jaag. By NMMU het rook en traangas vir dae oor Summerstrand gehang. Dit is teen die agtergrond dat die geestelike leiers op 23 Oktober 'n gebedsbyeenkoms gereel het in die auditorium op Noord-Kampus. Dit was by verre die mees intense gebedsbyeenkomste wat ek nog beleef het plaaslik. Daar was 'n vasberandenheid en 'n dringendheid wat mens maar net kan oor droom by meeste ander gebedsbyeenkomste. Gewoonlik vat dit 'n jaar om so 'n byeenkoms te reel. Die keer was net 'n paar dae nodig. Hier volg 'n uittreksel uit die terugvoering na die tyd: " *The awesome presence of God*. When Christian leaders, clergy and people from many denominations and fellowships come together for an appointment with God, He pours His Spirit upon their worship and intercession. This was the awesome reality of what took place in the NMMU Goldfield's Auditorium on Sunday night 23 October as students, concerned Christians and their leaders worshipped together and interceded for God to come into, and take control of the unrest in the universities in our land." Daar was baie meer gebid as wat daar gepraat was. Afrika

Mhlope het die situasie goed saamgevat en ek haal my hoed vir hom af: "Afrika Mhlophe spoke of what he had experienced during his ministry on campus over the past days – such as teargas, watching the media only filming the small 'sensational' incidents, young Christians singing racist songs and throwing stones because they're influenced by the wrong people … but, he said, Christians are personally answerable to God for their actions and they must stop blaming others. "There is no justification for violence – never – at no time at all! Violence puts you in a bad place with God." He said that those of us who were caught in the violence of the 1980's don't want to be there again. This group of students have been hijacked because there is no justification for violence – your cause is legitimate but violence is illegitimate. He reminded the church that we are called to disciple people, not to build buildings, and disciples will know how to react in any circumstance." Die probleme rondom #feesmustfall is nog nie opgelos nie, maar sedert dié gebedsbyeenkoms was daar nog nie weer 'n enkele geval van geweld op enige van die NMMU kampusse nie en lyk dit asof die studente wat gekies het om die eksamens te skryf, dit wel so kan doen in rus en vrede.

"Prayer Patrol"

Ons het pas teruggekeer van Bloemfontein af. Die reis daarheen en terug was maar droewig. Die karoo was nog nooit so stowwerrig en so bruin-vaal soos 'n beker Mastertons koffie met net 'n druppel melk in nie. Die groenigheid slaan eers uit anderkant die Oranjerivier. Tussenin moet jy mooi kyk vir enige teken daarvan. Waar daar gewoonlik troppe skape met gereelde tussenposes gesien is was daar hierdie keer bittermin te sien. Plek-plek het daar karkassa van dooie beeste in die veld gelê en wag dat die kraaie die laaste vleis van die bene afstroop. In Bloemfontein was die gemoedere meer opgeruimd want hulle het darem al 'n bietjie reen gehad wat net voor die Curriebeker daar aangekom het. Dié beker is nog daar maar die reen is na 'n ander wyk toe het die bekommerde eienaar van die biltongwinkel ons vertel. En die Curriebeker volgens haar gaan nog 'n hele rukkie daar bly. Die Vrystaters is altyd darem so positief!

Vir die eerste keer het al die gebedsnetwerke in die land bymekaar gekom onder een dak. Dit was ook die gevolg van 'n bonatuurlike sameloop van omstandighede. Die gasspreker was Laban Jumba van Uganda. Hier is nie plek om sy getuienis te deel nie maar hy het ons op 'n reis geneem deur die geskiedenis van Uganda en hoe die invloed van gebed die gety gedraai het, en steeds doen. Hy is al 65 jaar oud so hy kon die geskiedenis gaan haal kort duskant Idi Amin. Hy was instrumenteel in die totstandkoming van die Gebedsnetwerk in Uganda en kon hy die moeilike tye waardeur hulle was met realiteit, maar ook vreugde deel. Hy het ook entoesiasties vertel hoe hy tussen 8 en 12 kilometres elke dag op 'n "prayer patrol" gaan met die hulp van een van daardie slim toepassings op sy foon, waar hy ookal in die werêld is. Op sy vroegoggend ''prayer patrols" deur Bloemfontein se strate kon hy gou sy vinger op die pols sit van probleme daar. Onder andere hoe geredelik aborsies beskikbaar is. Dit het 'n interessante kinkel omdat ons gehoor het met die